

10 Februarie

Skrifgedeelte: Eksodus 20:16; Matteus 5:33-37; Heidelbergse Kategismus Sondag 43

Fokusgedeelte: Eksodus 20:16; Matteus 5:37

Laat jou “ja” eenvoudig “ja” wees en jou “nee”, “nee”

Die versoeking is groot om die waarheid te verdraai wanneer die waarheid jou in die verleentheid kan stel, of in die moeilikheid kan bring. Dit is baie makliker om 'n witleuentjie te vertel waarom 'n kind se huiswerk nie gedoen is nie, waar jy eintlik was of wat jy eintlik gedoen het. Leuens het ongelukkig deel geword van die politiek van die dag, hoe sake gedoen word, sport beoefen word en hoe kerkmense soms optree. Dit raak al hoe moeiliker om mense se woord doodgewoon vir die waarheid te aanvaar.

Die skrifgeleerdes en Fariseërs het allerlei “fynskrif” ontwikkel oor wanneer mens 'n eed moes nakom en wanneer 'n mens maar 'n eed kon breek (vgl. Matt. 23:16-22). Hulle het 'n hele stelsel ontwerp waarvolgens dit vir mense nie regtig nodig was om hulle woord na te kom nie.

Teenoor die skrifgeleerdes en Fariseërs het ons Here Jesus geleer dat ons “ja” eenvoudig “ja” moet wees en ons “nee”, “nee”, want Hy Self is die Waarheid. God vertel nooit leuens nie. Ons kan altyd op sy woord staatmaak. Hy verdraai nooit die waarheid nie. Ons Here Jesus het die waarheid (dat Hy God se Seun is) bly vertel, selfs toe dit aanleiding tot sy kruisdood gegee het. Hy bly dié Waarheid, selfs al spot mense Hom, of al betwyfel hulle sy sterwe, opstanding, hemelvaart of wederkoms.

Sy Gees vernuwe ons, sodat ons al hoe meer sy beeld sal vertoon. Dit beteken dat die waarheid ook al hoe meer deel van ons lewens moet word.

Watter invloed het jou “ja” en jou “nee” op jou huwelik, hoe jy jou kinders behandel, die manier waarop jy transaksies sluit en jou werk doen?

Sing: Psalm 119:1

Dr. EJ de Beer (Laeveld)